

Season of Creation

Afrikaans

WEEK EEN: BIODIVERSITEIT

Hierdie diens kan ook plaasvind op 4 Oktober - St Francis Dag
Soos die mense vorentoe kom vir Kommunie, speel liewer die klanke van voël musiek in plaas van ‘n gesang om te simboliseer dat ons saam met die hele skepping aanbid.
Kinders: Die kinders kan prente teken van plante en diere en dit opbring na die Altaar.

Inleidende Sin: “Want alles wat deur God geskape is, is goed, want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed.” (1 Tim 4:4, 5)

Belydenis: ons bely ons vernietiging van God se Skepping asook die baie spesies wat uitgewis is.

Gesange: danksegging vir die wonders van God se skepping, diere, plante en alles wat deur God geskape is.

Voorgebed
Skepper God
uit die oorvloed van u liefde het u alle dinge geskape
met ‘n ryke verskeidenheid en groot prag,
en ons toevertrou met verantwoordelikheid vir hulle;
gee dat ons alles wat u in ons sorg gelaat het só sal waardeer
dat ons sal strewe om hul seëninge vir altyd vir alle mense te behou;
deur onse Here en Verlosser, Jesus Christus,
wie leef en regeer saam met u en die Heilige Gees,
Een God, nou en vir ewig. **Amen**

DIE WOORD VAN GOD		
Eerste Les	**Job 28: 1 - 11**	Beskou die omvang van die bronne wat in die skepping voorsien word en die seëning wat hulle is vir die hele mensdom.
Psalm	**Psalm 148**	Die hele skepping, nie net die mense nie, is deel van die koor wat God prys.
Tweede Les	**1 Tim 4: 1 – 5**	Alles wat deur God geskape is is goed. Niks is verwerplik nie. .
Lofsang	**Lofsang 6**	**‘n Lied van die Skepping** - AGB p 346
Evangelie Les	**Matthéüs 6:25 – 33**	Die Here bevestig in die Bergpredikasie dat die hele Skepping goed is en as sulks gewaardeer moet word.

SEËNBEDE
Gaan die wêreld in met vreugde,
ontmoet jou Skepper wat daar op jou wag;
word verheug deur die rykdom en verskeidenheid van die wêreld waarvoor Christus gesterf het om te red;
lewe in die krag van die Gees wat alle dinge vernuwe;
en die seën van die Skepper God,
die Ewige Vader, die Verrese Seun en die Beloofde Heilige Gees
seën jou dat jy ‘n seëning vir ander mag wees, vandag en vir altyd. **Amen**

WEEK TWEE: GROND

Plaas vrugte en groente rondom die altaar.
Gebruik brood, gebak deur ‘n gesin, en ‘n plaaslike wyn vir die Eucharistie.
Hou ‘n opruiming aan die einde van die diens om aan te dui dat die Aarde aan die Here behoort.
Kinders – laat die kinders by die huis ‘n saad in ‘n yoghurt pot plant en dit laat groei.

Inleidende Sin: “Die aarde behoort aan die Here” (Psalm 24)

Belydenis: fokus op die misbruik van die grond, die grond is vernietig deur ons swak landbou metodes en hebsug

Gesange: danksegging vir die Aarde en alles wat daarop is.

Voorgebed
Almagtige God
u het die hemel en die aarde en alles wat daarin is, geskape,
en u het aan u mense ‘n land van hul eie belowe:
skenk aan ons ‘n waardering vir alles wat u geskape het
dat ons die behoeftes en begeertes van alle mense
om hul plek in u wêreld te vind, moet respekteer;
deur Jesus Christus onse Here
wie leef en regeer saam met u en die Heilige Gees,
Een God, nou en vir ewig. **Amen**

DIE WOORD VAN GOD		
Eerste Les	**Genesis 12: 1 – 10**	God se opdrag aan Abraham om sy huis te verlaat en te reis na ‘n land wat aan hom belowe word.
Psalm	**Psalm 126**	Die oes van vreugde wat spruit uit die regte gebruik van die grond wat deur God gegee is.
Tweede Les	**Handelinge 4: 32 – 37**	Die vrygewigheid van Barnabas met die verkoop van die grond en die skenking van die opbrengste vir die voordeel van die gemeenskap. Dit is in kontras met die storie van Ananías en Saffíra in Handelinge 5.
Lofsang	**Lofsang 5**	**Loof die Here – Die Lied van die Drie** AGB p 345
Evangelie Les	**Mark 4: 26 - 34**	In Jesus se gelykenisse verwys Hy na die natuur en na dinge wat Sy luisteraars kan sien.

SEËNBEDE
Mag God die Vader julle seën,
wie eerste in jul harte die saad van die ewige lewe gesaai het;
Mag God die Seun julle seën,
wie julle voed met die reën en sonskyn van liefde;
Mag God die Heilige Gees julle seën,
wie ons almal bring tot die volheid van die lewe;
en mag die seën van die Drie-enige God altyd met julle wees
sodat julle ‘n seën vir andere sal wees. **Amen**

WEEK DRIE: WATER

Gebruik die doopvont tydens die diens. Die begroeting en belydenis kan vanaf die vont gelei word. Die gemeente kan verby die vont beweeg en hulself merk met die Heilige water nadat hulle Kommunie gebruik het
Tydens die finale seënbede sal die gemeente met water besprinkel word.
Herinner hulle voor die Eucharistie dat ons water by die wyn voeg, sodat ons moet onthou dat water ‘n kosbare geskenk van God is.
Kinders -hulle kan karton glasies versier met woorde wat sê “Water is ‘n geskenk van God”. Hulle verbind hulself dan om die kraan toe te draai wanneer hulle tande borsel en die glasies gebruik

Inleidende Sin: “Die stroom van God is vol water” (Psalm 65:10)

Belydenis: Bely oor die manier waarop ons water vermors en dit besoedel met ons rommel en deur kommersiële besoedeling.

Gesange: oor die tema van water

VOORGEBED
Genadige Vader
u Seun is die bron van lewende water:
gee dat die gawe van sy Gees ons almal mag inspireer
om hierdie geskenk, wat U tot ons voordeel gegee het, te waardeer,
om te leer om dit doeltreffend te gebruik sodat dit deur almal gedeel mag word,
en te strewe om te verseker dat dit tot al u mense se beskikking is,
deur onse Here en Verlosser, Jesus Christus. **Amen**

DIE WOORD VAN GOD		
Eerste Les	**Eksodus 17:1-7**	Die mense in die woestyn is dors en hulle murmureer teen God. Moses slaan die rots en water stroom uit, en die plek is genoem Massa en Mériba om hulle te herinner aan die vraag, “Is die Here in ons midde of nie?”
Psalm	**Psalm 65:4-13**	Water is aan die hart van danksegging vir die voorsiening van die Aarde
Tweede Les	**Openbaring 22:1-5**	Die hemelse visioen van water wat lewe en groei bring en die menslike lewe onderhou. Die lewensbelangrike behoefte vir alle mense is water wat lewe in al sy volheid sal bemoedig en onderhou. Water kan maklik besmet word en siekte en die dood meebring.
Evangelie Les	**Johannes 4: 4 - 15**	Jesus se offer van “lewende water” aan die vrou by die put. Net soos ons water nodig het om menslike lewe te onderhou, só is die verfrissing van die Gees noodsaaklik vir ons welstand in ons geloofslewe.

SEËNBEDE
God, die bron van alle goedheid en groei,
stort Sy seën uit op alle geskape dinge,
en op julle, God se kinders,
dat julle dit mag gebruik tot eer van God en die welstand van alle mense;
en mag God die Vader, deur wie se woord die waters van die aarde onstaan het,
en God die Seun, wie lewende water gee aan almal wie dit wil ontvang,
en God die Heilige Gees, wie ons siele aanhoudend verfris,
julle seën sodat julle ‘n seën vir andere sal wees, vandag en tot in ewigheid. **Amen**

(die gemeente word besprinkel met water)

WEEK 4: KLIMAATSVERANDERING

Maak ‘n uitstalling van droë takke of dooie blomme in plaas van blomme.

Kinders: hulle kan plakkate maak om te toon hoe hulle elektrisiteit of petrol kan bespaar. Hierdie plakkate kan in die kerk uitgestal word.

Inleidende Sin: die aarde treur en verwelk… die aarde lê besoedel onder sy bewoners. (Jesaja 24:4, 5)

Belydenis: Bely oor die manier waarop ons God se aarde vernietig deur ons afkap van bome, vermorsing en oormatige gebruik van elektrisiteit en brandstof.

Gesange: oor die tema van rentmeesterskap, bewaring van dit wat God gemaak het.

VOORGEBED
Almagtige God
u het die hemel en die aarde geskape
en alles wat daarin is,
en u het die mensdom geskape na u eie beeld,
en dit was baie goed:
skenk ons die moed om te erken dat ons gefaal het om u skepping te onderhou
en deur u genade alles te doen wat ons kan om die aftakeling van ons omgewing te stop;
deur Jesus Christus onse Here
wie gekom het sodat ons lewe in al sy volheid kan hê.
Amen

DIE WOORD VAN GOD		
Eerste Les	**Genesis 6:11-14; 7:11-8:4; 9:8-15**	God red slegs een mense familie op die Ark, maar Hy red tallose diere spesies. En God het ‘n verbond met hierdie oorlewendes gemaak dat die wêreld nooit weer vernietig sal word nie.
Psalm	**Psalm 24:1-6**	Die aarde behoort aan die Here, en hy soek dié met rein hande en suiwer harte om te deel in daardie skepping.
Tweede Les	**Romans 8: 18 – 27**	Die Skepping sug in barensnood, en dit wag vir die kinders van God om openbaar gemaak te word. Dit het tyd geword vir ons om op te staan en deel te neem aan die herstelling van die Skepping.
Lofsang	**Lofsang 6**	**‘n Lied van die Skepping** - AGB p 346
Evangelie Les	**Mark 16: 1 - 8**	Die opstanding herinner ons dat daar lewe is na die dood, hoop na vernietiging.

SEËNBEDE
Gaan met vertroue voort in die hoop waarin julle gered is;
loof God in die hele skepping;
volg Christus deur wie alle dinge gemaak word;
word ‘n baken van hoop vir die wêreld in die krag van die Gees;
en die seën van die Skepper God,
die Ewige Vader, die Verrese Seun en die Beloofde Heilige Gees
seën jou dat jy ‘n seëning vir ander mag wees, vandag en vir ewig.
Amen

WEEK 5: BEHOEFTE, NIE HEBSUG NIE

Vra mense om hierdie week nie-bederfbare produkte te bring vir verspreiding aan diegene in nood. Hierdie moet gebruik word om die altaar te versier.
Herinner die gemeente voor die Eucharistie dat elke persoon net een hostie moet neem want voor God is ons almal gelyk. Vra hulle hoe hulle sou voel as een persoon tien hosties neem en die ander kry niks.
Kinders: Vra die kinders om versnaperinge te maak en ná die diens te deel met die gemeente. Bespreek met hulle oor hoe dit gevoel het om met ander te deel.

Inleidende Sin: Die mense het die manna ingesamel, en toe hulle dit met die gomer meet, het die wat baie ingesamel het, niks oorgehad nie; en die wat baie ingesamel het, nie te min nie. Elkeen na sy behoefte het hulle ingesamel. (Eksodus 16:18}

Belydenis: bely ons hebsug en ons selfsugtigheid teenoor ons naaste en die aarde.

Gesange: oor die tema van deel, gee en omgee.

VOORGEBED
Ewige God
u bekroon die jaar met u goedheid
en gee ons die vrugte van die aarde in hul seisoen:
gee dat ons hulle tot u heerlikheid mag gebruik,
vir die verligting van diegene in nood
en vir ons eie welsyn;
deur Jesus Christus onse Here.
Amen

DIE WOORD VAN GOD		
Eerste Les	**Eksodus 16: 13 – 21**	God voorsien die mense van kwartels in die aand en manna in die oggend, genoeg vir elke huisgesin. Tog het sommige van hulle meer ingesamel en dit laat oorbly tot die môre, en dit het bederwe.
Psalm	**Psalm 104: 26 – 35**	God het voedsel voorsien vir alle skepsels.
Tweede Les	**2 Korinthiërs 9: 6 – 15**	Ons moet deel uit die oorvloed wat God ons gegee het sodat die wat swaarkry, gehelp kan word.
Lofsang	**Lofsang 4**	**‘n Lied van Eségiël** - AGB p 344
Evangelie Les	**Luke 12: 13 – 21**	Ons is verantwoordbaar aan God vir wat ons gedoen het. Die man se optrede is behep met wat “Ek” ge-oes het, wat “Ek” gedoen het, en hoe “Ek” kan voordeel trek daaruit. En God het aan hom gesê, “Jou dwaas.”

SEËNBEDE
God die Skepper is die bron van al jou behoeftes:
Christus die Verlosser is die fontein van al jou seëninge;
die Heilige Gees is die krag wat lewe gee aan jou getuienis;
gaan moedig voort om die wêreld te dien in God se naam;
en die seën van die Skepper God,
die Ewige Vader, die Verrese Seun en die Beloofde Heilige Gees
seën jou dat jy ‘n seëning vir ander mag wees, vandag en vir ewig.
Amen

AKTIWITEITE VIR DIE SEISOEN VAN DIE SKEPPING

Boom planting
September is Boomplant maand en dit is ‘n wonderlike geleentheid om bome te plant by die kerk en by die huis. Waarom nie ‘n boom plant vir dope en bevestiging, verjaarsdae en troues, en in herinnering aan ‘n geliefde wie heengegaan het nie? Plant inheemse bome of vrugte bome wat nie baie water gebruik nie.

Gebed vir die plant van ’n boom
Skepper van lewe en Onderhouer van saad en grond, van boom en blom, u het hierdie wêreld en alles wat daarop lewe geskape, dis na U wat ons kom in hierdie gebed van toewyding en seëning, want U is die gewer van lewe en die Onderhouer van alles wat lewe. Mag hierdie boom diep wortels en breë takke ontwikkel as getuie van u oorvloedige liefde. In die naam van die Skepper, Onderhouer en Verlosser.
Amen.

Dienste in die prag van die natuur:
Hou kerk dienste buite in ‘n plek waar die wonder van God se skepping ervaar en gevier kan word. Verskillende dienste kan in verskillende areas gehou word, Diens in die Bos, Diens op die Berg, ens. Indien dit moeilik is om te reël, doen dan die voorste gedeelte van jou diens buite en gaan dan binne-in die kerk vir die Eucharistiese gebede.

‘n Opruimings veldtog: Oorweeg dit om ‘n skoonmaak diens te ontwerp om verwaarloosde grond te herwin. Vat swart sakke en ruim ‘n gebied naby die kerk op.

’n Omgewings oudit: maak ‘n opname van die water, elektrisiteit en papier gebruik van die kerk. Oorweeg dit om oor te skakel na krag besparende gloeilampe. Vul ‘n 2 liter houer met water en plaas dit in die toilet se spoel tenk om water te bespaar en herstel lekkende pype.

Vestiging van organiese tuine: Moedig gemeente lede aan om groente tuine aan te lê. Hou in die Lente ‘n diens vir die seën van die saad en vra God se seën op die tuine. Reël ‘n oes fees om God te dank wanneer die groente reg is om ge-oes te word. Die spasie rondom die Kerkgebou kan ook omskep word in ‘n tuin.

Vir verdere inligting kontak die ACSA Environmental Network, Green Anglicans
info@greenanglicans.org
Facebook: Green Anglicans. Website www.greenanglicans.org